| 17 April | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
| --- | --- | --- |

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 19 APRIL 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
| --- | --- | --- |
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Heinrich Carstens | Ds Theuns Henn | Ds Heinrich Carstens |
| Lukas 24:13-35 | Lukas 24:13-35 | Lukas 24:13-35 |

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

Gebruik gerus SnapScan om jou offergawe te gee.







## Lidmate wat voorbidding nodig het....



Ninnie du Toit (Sb1)

**KERKKANTOOR** *ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAK** *besonderhede*

| 028 271 3470 | info@ngkogelberg.co.za |
|---|---|

# Program vir die week

**19 - 24 April 2026**

## Sondag 19 April

***17:00*** **Kogelberg Kids (Kerksaal)**

## Maandag 20 April

***09:30*** GriefShare Kursus (Elza Marais)

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 21 April

***09:00*** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

***11:30*** Gerimed Biduur

***14:00*** KK & K (Kapel)

***15:00*** Eiendomme (TYD)

***16:30*** KM Gebedsgroep (Kapel)

***17:00*** Finansies (TYD)

## Woensdag 22 April

***17:00*** Dissipelskapreis (Hangklipkerk)

***18:00*** Rusplek (Kapel)

***18:30*** Dissipelskapreis (Kleinmondkerk)

## Donderdag 23 April

***06:00*** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

***10:00*** Kerkkantoor in Hangklip

***18:00*** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

**Plakkers (wit of swart) by die kerkkantoor beskikbaar teen R10 elk.**

Geloof | Hoop | Liefde

# Gebedsgroepe

Gebed is 'n Godgegewe gawe. As gelowiges is ons gedurig in gebed tot Hom, om lig en leiding te kry op die planne wat ons maak. As kerk van Christus word báie vergaderings en beplanning gedoen. As kerk moet ons dus saamkom om Sy leiding en sukses op alles af te bid. Is jou plek nog leeg in die gemeentelike gebedskamer of gebedsgroepe?

Ons gemeente het verskeie formele en informele gebedsgroepe waarby lidmate kan inskakel.
Op Dinsdae kom die formele groepe soos volg bymekaar:

- 09:00 - Hangklipkerk
- 11:30 - Gerimed
- 16:30 - Kleinmondkerk

Skakel gerus die kerkkantoor om deel te word van die onderskeie WhatsAppgroepe.

## Geloofsvorming




KK & K
Kommissie vir Kantoorsake
& kommunikasie
Dinsdag, 21 April 2026
14:00
Kapel


Eiendomsbediening
Dinsdag 21 April
om 15:00
TYD-kuierruimte


Finansies
Dinsdag 21 April
om 17:00
TYD-kuierruimte

# Weeklikse Gebedsgroepe




# Mannebediening







Rusplek
Woensdag 22 April
18:00
ds Jannie Hougaard


Dissipelskapreis
Woensdae
17:00 - Hangklipkerk
18:30 - Kleinmondkerk


Kerkkantoor in Hangklip
Donderdag
23 April
10:00-12:00

# Het jy al jou plek bespreek?




# Bel die Kerkkantoor voor Donderdag 23 April

# EKO-bediening

## Bid op die berg -Jean's Hill

-Kom ontmoet God in stilte-

**3 Mei om 12:00**

Stap op eie tyd na Jeans Hill
Of ontmoet by Fellowship-gemeente aan bo-punt van 6e Straat. om 11:30
Bring: hoed, water, kussing

*"Lig jou oë op na die berge..."*

eko-bediening



## NOG ENKELE KAARTJIES BESKIKBAAR



Plante




Klankspan




Kerkkantoor




Erediensttye 2026
Kuierkerk
08:00
Hangklipkerk
09:00
Kleinmondkerk
10:00
In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees.


Koffiebottels
Bring asseblief skoon leë koffiebottels met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!

**VAKATURE**

**KOSTER-FAKTOTUM NGK KOGELBERG**

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van faktotum vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***
Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Mei 2026 om 24:00**

Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za
**Diensvoordele** sluit in:

- 'n Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die faktotum verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die faktotum sal aan die Eiendomskommissie en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Sekuriteit
- Bestuur en instandhouding van eiendom tesame met die eiendomskommissie.
- Gereedmaak van die kerk vir eredienste en ander aktiwiteite.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Basiese tegniese vaardighede om klein nood herstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en verkieslik 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

**Diensaanvaarding: 1 Julie 2026.**



# Pinkster 2026

## Die Heilige Gees vorm ons lewe

### Pinkster 2026 – NG Gemeente Kogelberg

Donderdag 14 Mei 2026
**Die Gees is vir ons gegee**
*Handelinge 1:1-11*

Sondag 17 Mei 2026
**Die Gees vorm ons lewe**
*Handelinge 2:1-4 & 17-21*

Maandag 18 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons deernisvol**
*Kolossense 3:12*

Dinsdag 19 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons diensbaar**
*Galasiërs 5:13*

Woensdag 20 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons doelgerig**
*Efesiërs 2:10*

Donderdag 21 Mei 2026
**Die Gees laat leef ons dankbaar**
*Galasiërs 5:13*

Sondag 24 Mei 2026
***Ons lewe... 'n fees vir die Gees***
*1 Korintiërs 12:3b-13*

## Die Heilige Gees vorm ons lewe

### Pinkster 2026 – NG Gemeente Kogelberg

Ons bied hierdie jaar ons Pinksterreeks aan deur'n oggendreeks in Kleinmondkerk te hou en 'n aandreeks in Hangklipkerk, behalwe op die twee Sondae wat daar by Kleinmondkerk en Hangklipkerk 'n erediens om 09:00 sal wees.
Skakel gerus die kerkkantoor vir meer inligting.

| Datum | Kleinmond | Liturg | Hangklip | Liturg |
|---|---|---|---|---|
| Do 14 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 17 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 09:00 | Hendrik Saayman |
| Ma 18 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Di 19 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Wo 20 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| Do 21 Mei | 09:00 | Heinrich Carstens | 18:00 | Heinrich Carstens |
| So 24 Mei | 09:00 | Stephan Naudé | 09:00 | Heinrich Carstens |


KOGELBERG
Warm-wintermark
NG Kerksaal - Kleinmond
25 - 27 Junie 2026

# Veels Geluk...



## Saterdag 18 April

Ferdi Krige 082 377 4912 (Sa4)

Cato Jacobs 083 661 1124 (Ba2)

Elsabe van den Heever 076 807 3889 (KB2)

Sandra Steinman 083 328 9143 (KB4)

Ettiene van Tonder 072 326 4825 (BB6)

## Sondag 19 April

Tonia Smith 083 394 0609 (Bb1)

Lydia Schoeman 083 415 1928 (Bb3)

Marius Hickley 083 348 1782 (KB1)

Suzette Bowden 071 442 6186 (PB2c)

Hanlie du Plessis 072 766 9917 (BB4)

Sunra Mostert (PB2a)

## Maandag 20 April

Leana van Wyk 078 696 9526 (KB5)

Riètte Taljaard 082 829 7168 (PM4)

## Dinsdag 21 April

Isak Ludick 072 320 5648 (BB6)

Hendrik Marx 082 469 7385 (BB2)

Monique Kirsten 082 872 2016 (BB6)

Eugene Knoesen 083 282 5339 (Sc1)

Chris Malan 072 198 7279 (Sa1)

Merél De Jager 083 450 5237 (KB5)

Johan Theron 082 800 2754 (BB4)

## Donderdag 23 April

Gerhard Engelbrecht 082 459 7165 (KP1)

Melissa Burger 072 908 6768 (PB2c)

Mariette Hugo 083 324 2404 (Sb2)

Trix Buckle 083 662 4849 (KB2)

Wicus Steenkamp (RE)

Vienie Bonthuys 083 422 1862 (Bb1)

Eleanor Prinsloo 082 554 4403 (Sc3)

Kobus van Eeden (Sb3)

Arina Oosthuizen 082 435 8573 (KB2)

Hanlie van der Westhuizen 082 540 6801 (Sc1)

Ina Calitz 083 236 8969 (Ba3)

## Vrydag 24 April

Riaan Smit 079 896 7201 (Ba1b)

Emma Stofberg 084 805 1301 (Sa3)

Cecile Horn 083 263 8296 (Ba2)




## GROEPGESPREKKE | 12 - 18 APRIL 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Wat is die verste wat jy al ooit gestap het? Wat het jou laat aanhou?
- Vertel vir mekaar van 'n geleentheid waar jy eers later besef het wat jy regtig raakgesien het... of wat jy gemis het omdat jy nie mooi gekyk het nie.
- Het jy al vir iemand iets gedoen sonder dat hulle geweet het dit was jy?

**2. Ons storie nou...**

- Hoekom dink jy verloor mense hoop wanneer dinge nie uitwerk soos hulle verwag nie?
- Hoe praat mense oor God wanneer hulle teleurgesteld is?
- Wat maak dit moeilik om aan te hou glo wanneer jy nie antwoorde kry nie?
-

**3. God se storie...**

Lees Lukas 24:13-35 twee keer saam deur as groep uit twee verskillende vertalings.

  - Wat tref jou die meeste in hierdie verhaal?
  - Watter deel van die storie praat die meeste met jou vandag?
  - Hoe sou jy die emosies van die Emmausgangers beskryf?
- Wat is besig om in die twee dissipels se harte aan te gaan terwyl hulle stap? (v17–21)
- Hoekom dink jy herken hulle nie vir Jesus nie, al loop Hy saam met hulle?
- Wat sê die woorde "ons het gehoop..." vir jou?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus al saam met hulle was voordat hulle Hom herken het?
- Wat doen Jesus eers: gee Hy antwoorde, of luister Hy? Wat leer ons daaruit?
- Wat beteken dit dat Jesus die Skrifte vir hulle oopmaak? (v27)
- Wanneer gaan hulle oë oop en hulle herken Hom?
- Wat is betekenisvol daarvan dat hulle Hom eers by die tafel herken?
- Hoekom - dink jy - juis daardie oomblik? (v.30–31)

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Waar in jou lewe voel jy tans soos die Emmausgangers? (teleurstelling, onsekerheid, vrae)
- Waar dink jy stap Jesus dalk reeds saam met jou... maar jy sien dit nie?
- Wat "maak jou oë toe"? (bv. bekommernis, besigheid, pyn, verwagtinge)Jesus was langs hulle die hele pad sonder dat hulle dit geweet het. Hoe verander dit die manier waarop jy terugkyk na jou eie moeilike tye?
- Hulle het omdraai en teruggestap na Jerusalem vol hoop nou. Wat in jou lewe het dalk 'n omdraai nodig?

- Wat kan jou help om meer bewus te wees van God se teenwoordigheid elke dag?
- Hoe kan jy hierdie week stadiger leef en beter "kyk"?
- Watter klein daad kan jy doen om God se teenwoordigheid met iemand anders te deel?

👉 Voorstelle:

- vra elke aand: "Waar was God vandag?"
- doen een doelbewuste daad van vriendelikheid
- neem tyd om iets in die natuur raak te sien

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede waar julle bid.**

Bid die volgende gebed saam as groep:

Here, open ons oë om U raak te sien -

- in ons vreugde,
- in ons teleurstelling,
- in ons gewone dae.

Leer ons om bewus te leef, en om U teenwoordigheid te deel met die wêreld rondom ons. Amen.

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 20 April 2026 – Lukas 24:13-35
- Dinsdag 21 April 2026 – Psalm 23
- Woensdag 22 April 2026 – Handelinge 2:42-47
- Donderdag 23 April 2026 – 1 Petrus 2:19-25
- Vrydag 24 April 2026 – Johannes 10:1-10
- Saterdag 25 April 2026 – Johannes 10:1-10